

# Woensdag 24 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 19:1-8

Fokusgedeelte: Levitikus 19:2

## **My lewe – 'n dankbare lewe voor God in sy heiligheid**

Is daar 'n verskil tussen jou godsdiensoefening en jou godsdiensoewering? Dit klink bietjie onsinnig, maar dis tog iets waarvoor ons elke oomblik moet nadink. Dis belangrik dat dit in lyn met mekaar sal wees.

Indien nie, word ons verhouding met God in sy heiligheid tydens ons godsdiensoefening iets anders as wat ons verhouding met God in sy heiligheid in ons daaglikse lewe is. As daar 'n verskil bestaan, gaan dit daartoe lei dat ons nou en dan in ons dag of week 'n bietjie gaan afwyk van hoe ons voor God lewe om Hom “somer maar” vir 'n oomblik te dien. My hele lewe voor God in sy heiligheid moet egter 'n dankbare lewe wees vir die ware versoening in Jesus Christus.

Lees die verse wat aangedui is en, soos die gang van die hele hoofstuk, mag ons dink dit is 'n bietjie deurmekaar. Dit is nie, maar dit lyk so omdat ons geneig is om die lewensterreine af te baken en ons vergeet dat daar 'n onlosmaaklike eenheid bestaan waarin alles draai om ons lewe voor God in sy heiligheid. Ons mag ons nie probeer losmaak hiervan nie.

Dwarsdeur die gedeelte staan een ding voorop, en dit is lewensheiligheid. Dit is nie iets wat ons kan uitdink nie. Die Heilige Gees is elke dag besig om ons te neem op die pad van heiligmaking – om heilig te lewe voor God. Hy is ons God en in ons verhouding met Hom – die verbondsverhouding – moet ons altyd onthou dat daar voorregte en verantwoordelikhede is. Ons hoor dat Hy sê: *“Ek die Here julle God is heilig”* en daarom eis Hy van ons: *“Wees heilig.”*

*Sing: Psalm 25-1:6*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*